NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

**Sondag, 6 Oktober 2024**
**Biddag vir Bediening aan die Jode**

## Christus: God se wysheid, geregtigheid en vrede vir ons en die wêreld!

*"Bid vir die vrede van Jerusalem:*
*'Mag die wat jou liefhet, rustig leef; mag daar vrede wees...*
*Ter wille van my broers en vriende sê ek graag: 'Mag daar vrede in jou wees!'"*
(Psalm 122:6-8)
*"Waar is die wyse man, waar die skrifkenner, waar die redevoerder van hierdie wêreld? Jode vra tekens en Grieke soek wysheid. Ons egter, verkondig 'n gekruisigde Christus. Vir Jode is dit 'n struikelblok en vir nie-Jode dwaasheid. Maar vir diegene wat geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God."*
(1 Korintiërs 1:20, 22-24)
*"Die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak."*
(Jakobus 3:17-18)

Ons leef in 'n wêreld van stryd, meer en meer: meningsverskille, rusie, verdagmaking, verdeeldheid, vyandskap, polarisasie, haat, oorlog. Nóu, 'n jaar ná 7 Oktober 2023, duisende, derduisende mense dood, nie meer net in Gasa en Palestina nie, maar ook in die noorde van Israel, met Libanon en Sirië. Effens verder noordwes, drie jaar lank al woed die oorlog in die Oekraïne. In Afrika is Sudan in 'n burgeroorlog gedompel; in Nigerië eis 'n godsdiens-stryd lewens; in die Kongo, in die noorde van Mosambiek… Moondhede begin weer die Koue Oorlog se missiele teen mekaar opstel… En tuis, in ons eie land, die brose eenheid van koalisieregering teenoor magte van radikalisme en chaos. In ons kerkfamilie, die brose vredespoging van 'n sinodebesluit. In families, in vriendekringe… Om téénoor mekaar te gaan staan, het die gees van ons tyd geword. Stryd, ons lewe.

Dít is iets mensliks, ons gebroke mensheid. Direk ná die breuk tussen God en mens in die Tuin van Genesis 2, volg die eerste verwyte en skuldverplasing (*"Dit was sý…"*, Genesis 3); die eerste afguns, die eerste moord (*"Kaïn, waar is jou broer Abel?"*, Genesis 4). En, die res is geskiedenis… deurdrenk van hierdie SELF. Ten alle koste.

Is daar 'n alternatief? Kan dit anders? Ja, dít was die "Evangelie" – in die hart van die Ou Testament, in die mond van God se Gestuurde, in die briewe van sy eerste volgelinge. Daar is net één Weg na sy koninkryk; 'n smal weg; min wat daarop gaan…

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, Tannie Magdaleen Venter. Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
'n Warm woord van welkom – en sterkte! – aan al ons matrieks en hul ouers; ons sit vanoggend in 'n kring rondom julle!
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

## LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers en stilte vir gebed**

**Wydingslied:** "Soos 'n wildsbok" (Lied 163:1 en 2)

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Soos 'n kind wat vrees en twyfel
roep ek uit na U, o Heer.
As my hart soms wil weifel
roep ek, Here, hoor my stem tog weer
U, o Heer, sal weer op 'n dag
U trou laat blyk, en in die nag
sing ek weer my lied, o Heer,
my Rots, aan U alleen die eer.

**Votum & Seëngroet**

**Loflied:** "Hoe lief het ek U woning, Heer" (Psalm 84:1, 2 en 3)

**Herinnering aan die Tien Woorde vir 'n gelukkige, gesonde, geseënde lewe**

**Verootmoediging:** "God het gesê: 'Ek is die Here'" (Lied 249:1, 8 en 9)

**Genadeverkondiging**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (hardop en staande)

**Danklied:** "Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het" (Lied 245:1 en 3)

**Kindermoment en ons Matrieks…**

**Gebedslied:** "Laat, Heer, u vrede deur my vloei" (Lied 284:1, 2 en 3)

**Skriflesing:** Psalm 122, 1 Korintiërs 1:20-24 en Jakobus 3:13-18:

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** "Het jy gehoor dat eenmaal" (Lied 590:1 en 2)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 6 Okt | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Israel, die profesië, missiele en nou...?* |
| Donderdag, 10 Okt | 11:00 – Ds. Johan Marais (Siësta Biduur) |
| Sondag, 13 Okt | 09:30 – Ds. |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter (Jeugbyeenkoms) |

**Ons Kategese vir die 4e kwartaal hervat vanoggend.**

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 06 Okt | Elsabé Maartens, Deline Murray en Carien Weyers. |
| 07 Okt | Erna Hattingh. |
| 08 Okt | Annatjie Coetzer, Jolandé Fourie en Elsa Top. |
| 09 Okt | Mianê Bekker, Izak Herbert en Gert Nel. |
| 10 Okt | Henk de Waal. |
| 11 Okt | Jared Gerber, Elphia Janse van Rensburg en Nicolaas Luwes. |
| 12 Okt | Tian Joubert en Carla Loots. |

Gelukwense aan Jankie en Mari Botha met die geboorte van hulle kleindogter!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Maryna Spies (Mockestr. 6, wyk 9b); Oom Hendrik Smith (Striata, wyk 13a); Sheila Prinsloo (Serenitas 160; wyk 15b); Henette Marais (Santé Aftreeoord 127, wyk 18b); Tannie Grace de Goede (Serenitas 12, wyk 15a); Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Yvonne du Toit (Flemmingpark D5, wyk 14); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a) en Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a).

Ons meelewing aan Colleen en die familie van Tannie Corrie Barnard (Siësta), met haar heengaan die 22ste; aan Ruané en Pieter le Roux (Waverleyweg 178, wyk 8) en hul familie by die heengaan van haar moeder, Veronica; en aan Tannie June Swart (Serenitas 176, wyk 15b) by die afsterwe van haar suster en susterskind afgelope week. Troos toegebid...

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die konsistorie *"'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 10e woord vir 'n gelukkige lewe – Verlang na God). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...

Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In Oktober sorg **Wyke 17** (Noorderbloem en buurt) en **13** (Vere Weste) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter.

## BEDIENINGE

**BEDIENINGE:**
Jy word genooi om een van ons laaste bedieningsvergaderings vir 2024 te kom bywoon, en saam te beplan vir die kwartaal en volgende jaar:

| | |
|---|---|
| **Gemeentebediening:** | Maandag, 7/10 om 17:30 |
| **Jeugbediening:** | Dinsdag, 8/10 om 17:30 |
| **Erediensbediening:** | Dinsdag, 8/10 om 19:00 |
| **Getuienis- en Barmhartigheid:** | Donderdag, 10/10 om 17:30 |

**GEMEENTEBEDIENING:**
**Vroukomitee: Dankie-sê**
Oktober is tyd vir dankie-sê; koevertjies is by die deure beskikbaar, by die Vrouekomitee en in die kerkkantoor. Langs hierdie weg maak vroue 'n verskil op plekke waar daar nood is... En, dagboek solank 21-23 Februarie 2025 vir die **NG Kerk Vrystaat Vrouekonferensie** te Amanzi met prof Stephan Joubert...

**JEUGBEDIENING:**
**Pickleball:** Ons nooi alle Gr. 7's – 11's om Sondagmiddag, 13 Oktober 2024, 14:00 – 16:00 saam te gaan Pickleball speel. Nooi gerus jou vriende/in saam. Koste is R50.00 per persoon (ingesluit: Pickleball, hamburger & chips en koeldrank). Skakel ds. Janke by 078 894 9166, indien julle wil saam gaan.

BOEREPLAAS **BERG-EN-DAL KERMIS 2024** BOEREPLAAS

Nogeens ons hartlike dank aan almal wat meegewerk het, ondersteun en opgedaag het – dit was 'n wonderlike Vrydag en Kermis saam! Dit lyk of ons opbrengs in die omgewing van R 202 000 gaan wees. Dankie ook aan ons borge: Directo Signs en Fintip (Elsa Pienaar) by die padwedloop; Pick 'n Pay Prellerplein, Metro Food Market, M & L Elektries en DCL Elektries. Dankie aan Siësta Ouetehuis (Annelise Olivier) vir die gaarmaak van die Kerrie-en-Rys, en aan Securiforce vir die sekuriteitswagte.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 6 Oktober: **Gemeente Uitbreiding (GOUF).** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005**)

SnapScan

## ANDER

**Geref. Kerk Bloemfontein-Noord:** Familiedag by Be Human, 19 Oktober, saam met Frank Opperman. Kontak Francois 082 796 7196 vir inligting; kaartjies in kerkkantoor beskikbaar.